



## **Kalahari Jagters - en Wildbewaringsvereniging**

### **VRYWARINGVORM EN BAAN REËLS VIR BESOEKERS**

Hiermee erken ek, ..... ID# ..... KJV Lid# .....en  
Besoeker.....ID#..... dat die  
baanreëls aan my oorhandig is, dat ek dit gelees het, verstaan en aanvaar.

Ek aanvaar volle aanspreeklikheid en vrywaar Kalahari Jagtersvereniging uitdruklik, van enige regs aanspreeklikheid tov. enige besering, verlies of skade wat mag voortspruit uit my (asook die persone wat my vergesel na die skietbaan) se optrede of versuim om op te tree, tydens ons besoek en gebruik van die skietbaan.

### **Baan Reëls**

**Alle lede en besoekers moet te alle tye hou by hierdie reëls.**

1. Alle gebruikers van die skietbaan moet in besit wees van 'n geldige bevoegdheidsertifikaat en/ of vuurwapenlisensie.
2. Hou altyd u vuurwapen se loop in n veilige rigting weg van mense.
3. Hou altyd u vinger weg van die sneller af totdat u wil skiet.
4. Hou altyd u wapen in die rigting van die teiken en maak seker u weet wat is agter u teiken.
5. Hou altyd u vuurwapen in sy sak/tas/holster as u nie op die skietpunt is nie.
6. Ag altyd alle wapens as gelaai.
7. Wees altyd bewus van die toestand van u vuurwapen.
8. Geen alkohol/ dwelmmiddels word toegelaat op die skietbaan nie.
9. Gebruik teiken rame soos voorsien. Vewyder u persoonlike teikens en rame van die skietbaan af nadat u geskiet het.
10. Verwyder u doppies van die skietpunt af nadat u geskiet het.
11. Skiet van blikke, bottels, klippe, asdromme en ander nie-teikens is verbode.
12. Geen ongemagtigde persone word toegelaat op die skietbaan nie.
13. Slegs lede van die vereniging en persone wat vooraf gereël het om die baan te gebruik word toegelaat. 'n Nie-Lid kan die baan gebruik, mits hy deur 'n Lid (wie se vuurwapen bevoegdheidsertifikaat van die polisie op datum is) vergesel word en sy R50 besoekersfooi betaal is. 'n Lid sal verantwoordelik wees vir enige Nie-Lede of Toeskouers wat saam met hom die baan besoek en die fassiliteit gebruik.
14. Gebruik slegs skietpunte soos aangedui.
15. Kinders word slegs op skietbaan toegelaat onder volwasse toesig.
16. Hou vuurwapens buite bereik van kinders.
17. Maak seker alle rooi vlae en tekens is in plek met gebruik van die skietbaan.
18. Indien u die bevel "STAAK VUUR!" hoor, maak onmiddelik u wapen veilig.
19. Volgens wet moet daar altyd 'n baan offisier/ bevoegde persoon teenwoordig wees met die gebruik van die baan.
20. Indien 'n lid die hek oop bel vir iemand anders, om die baan te gebruik, sal daardie lid verantwoordelik wees vir enige skade of eise wat mag voortspruit uit daardie groep se gebruik van die baan.
21. Lede kan 'n Jaarsleutel van die skietbaan koop. Aan die begin van elke jaar sal die slot vervang word en lede kan dan weer 'n nuwe sleutel koop vir die volgende 12 maande. 'n Lid met 'n jaarsleutel moet reël met die sekretaresse (telefonies of in persoon) om sy selfoon nommer te ontsluit om die elektriese hek te kan oopbel.

Handtekening: ..... (Lid)      Handtekening: ..... (Besoekeer)

Datum: .....